in jou glas

Waar kom dit vandaan?

Dit is die eerste keer in die 1600's in die Karibiese eilande gemaak. Vandag kom die meeste van die wêreld se rum van Puerto Rico en die Maagde-eilande.

Rum-feite

In die 1800's is rum gebruik om hare skoon te hou. Daar is ook geglo dat dit hare gesond hou.
Rum is tussen 1655 en 1970 as 'n daaglike rantsoen aan Britse soldate gegee.
Admiraal Nelson se liggaam is in 'n vat van sy gunstelingrum gepreserveer toe hy dood is op sy skip tydens die Slag van Trafalgar.

Klassieke kelkie

Daar is honderde rum-geïnspireerde skemerkelkies, maar die mees klassieke en bekendste een is sekerlik die daiquiri. "Daiquiri" is die naam van 'n strand naby Santiago, Kuba, en dié drankie is in 1905 die eerste keer gemaak. Die skrywer Ernest Hemingway het altyd 'n dubbel-daiquiri bestel in sy gunstelingkroeg, La Floradita Bar, in Havana, Kuba. Die daiquiri was ook J.F. Kennedy se gunstelingdrankie.

Maak jou eie

• ysblokkies • een sopie rum • sap van 'n halwe lemmetjie • halwe teelepel suiker • lemmetjieskyfie

Plaas 4 of 5 ysblokkies in 'n drankiemenger en voeg die rum, lemmetjiesap en suiker by. Skud baie goed en skink in 'n martini-glas. Versier met die lemmetjieskyfie.

In 'n sakkie

Die perfekte verpakking vir die somer: Amiston Bay se 1,5 liter-wynsakkies is lig, maklik om te dra en in die yskas te bêre, neem min plek in beslag en is boonop 80% meer omgewingsvriendelik as glasbottels. Nog 'n voordeel is dat die wyn tot 'n maand lank in die yskas kan hou ná dit oopgemaak is – anders as met glasbottels kom geen suurstof met die wyn in kontak nie.

Daar is 3 om van te kies: 'n **chenin blanc-chardonnay-versnit,'n pinotage rosé** (albei R42,99) en 'n **cabernet sauvignon-shiraz-versnit** (R49,99).

VRA DIE KENNERS

Watter wyn het die grootste indruk op jou gemaak, en saam met wie het jy dit geniet?

JEANNERET MOMBERG
Hoofbestuurder, Middelvlei-landgoed

'n Hele paar jaar gelede het ek en my man, Ben, 'n bottel 1982-Middelvlei Pinotage saam geniet. Dit was 14 jaar oud en uitstekend verouder, heerlik sag en rond, in goeie balans, met 'n stewige struktuur en 'n heerlike, lang nasmaak. Kort daarna was ek swanger en het besluit om geen alkohol te drink nie, maar deur die hele swangerskap was ek lus vir dié wyn. Toe die baba gebore is, gee Ben my nog 'n bottel 1982-Middelvlei Pinotage!

CHRISTIAN EEDES **Redakteur, *Wine*-tydskrif**

Ek is gelukkig om al baie besonderse wyne te kon drink. Een van dié wat uitstaan, is Vergelegen se wit versnit wat ek saam met 'n bord vars mossels geniet het by die Voorstrandt-restaurant op Paternoster. Die drinkmaat was my verloofde, nou my vrou.

ANNARETH JACOBS
Uitvoerende hoof van die Stellenbosch Wynroete

Ek is so bevoorreg om daagliks wyn te kan drink, met 'n wye keuse uit die Stellenbosch-gebied: vonkelwyn saam met vriendinne, sauvignon blanc langs die swembad, pinotage in die aand. Die een waarvoor ek egter áltyd swig, is Longridge Chardonnay – verkieslik die 2001-oesjaar.

vonkel in jou dag

'n Besoek aan die Colmant-kelder in Franschhoek is 'n moet vir enige vonkelwyn-liefhebber. Nie net maak Jean-Philippe Colmant drie lieflike cap classiques nie, maar hy voer ook 'n reeks bekostigbare Franse sjampanjes in. Jean-Philippe, sy vrou, Isabelle, en hul vyf kinders het in 2002 van België na SA gekom om 'n kelder te bou.

www.colmant.co.za

Foto van rum ©Luk Thys/PhotoAlto